Meeste doele
Juané Nel

Mees ontluikende speler: Jodie Koen

Hokkiespeelster van die jaar: Ina Lehman

Meeste doele
Johnny Holm'ner

Hokkiespeler van die jaar: Tiaan Heyns

Hokkie

Die 4 hokkiespanne het hulle "stokke" gewys en baie pret gehad die kwartaal. Onder mnr. Ben se hand (of sal ons sê stok) het die seunspan deurgedring na die halfeindrondte, maar ongelukkig daar uitgeval. Juf. Ané se o/11-span het 2 wedstryde gewen en 2 gelykop gespeel. Die 2de span van juf. Elbé het 3 van hul 4 wedstryde gewen en ook by die halfeindrondte uitgeval. Tannie Yvette se 1ste span het 1 wedstryd gewen, 1 gelykop gespeel en 2 verloor. Vissie-hokkie was baie lekker en almal is spyt die seisoen is verby. Miskien kan ons nou al begin oefen vir volgende jaar. *Antoinette Weerheim*

Van Maandag tot Donderdag het ons Vissies net "gehokkie". Die hokkiekliniek-dae was gevul met oefen, oefen, oefen en wedstryde tussenin. Ons wedstryde het ons almal verloor maar ons het duidelik gesien hoe dit gedoen moet word. Ons het darem ook tyd gehad vir die "Mall", Pizza-eet en fliek. Dankie aan al die tannies vir die lekker kos en spesiale dankie aan juff. Elbé en Ané, mnr. Ben en tannie Yvette vir al hul reëlings. Aan mnr. Roothman en ons ouers wat ons toegelaat het om te gaan - baie dankie - dit was 'n geleentheid 1000!!!

Marli Prinsloo